

**Titel: Goeie Nuus aan die Armes**  
**Pastoor: Heinrich Titus**  
**Datum: 21 Junie 2009**  
**Tyd: 09:00**



### **Lukas 4:18-19**

<sup>18</sup>Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseel van hart is, te genees; <sup>19</sup> om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig.

### **Jesus se sending**

1. Openbaar God se hart: Jehovah Jireh.  
Genesis 22:11-14
2. Mag van vloek te breek.  
Deuteronomy 28:1-14

### **Jesus se sending = Ons sending**

- Koninkryk van God vs koninkryk van die duiwel.

### **Ons verantwoordelikheid.**

- Nie: Evangelisasie **of** hulp aan armes.
- Ook nie Evangelisasie **en** hulp aan armes.
- Oplossing: Evangelisasie **is** hulp aan armes.
- Boodskap van verlossing aan mens in sy totaliteit.

### **Martin Luther**

Fokus:

- Regverdiging alleenlik deur die geloof.
- Nie afkoop briewe of tiendes of kruistogte of self-kastyding.
- Kom te staan vs uitbuiting in Italië en Duitsland.
- Kettings van uitbuiting en ongeregtigheid vernietig deur geestelike boodskap.

### **Dunamis in die goeie nuus**

#### **Romeine 12:2**

En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.

### **DUS:**

- Politieke
- Sosiale, en
- Ekonomiese vryheid = gebondenheid aan God = heerskappy van Jesus as Here.
- Evangelie gee aan arme mag om te besef:
  1. Nie slaaf.
  2. Nie slagoffer.
  3. Jes.61. Bouers!

### **Van slaaf tot bouer**

#### **Jesaja 61:3**

<sup>3</sup>om vir die treurendes in Sion te beskik dat aan hulle gegee word sieraad vir as, vreugde-olie vir treurigheid, 'n gewaad van lof vir 'n verslae gees; sodat hulle genoem kan word terebinte van geregtigheid, 'n planting van die HERE, tot sy verheerliking. <sup>4</sup> En hulle sal die ou puinhoop bou, die

verwoeste plekke uit vroeër dae weer oprig en die verwoeste stede weer nuut maak wat woes was van geslag tot geslag.

### Die profiel van armoede

- Afhanklikheid
- Verdrukking en uitbuiting.
- Geen alternatiewe.
- Kringloop van armoede van geslag tot geslag.
- Kultuur van armoede.
- Uitgelewer aan sisteem:
- Jes.10 :1-2

### Die kerk en die armes

#### Ps 82:3-4

“Doen reg aan die swakkes en die wees; gee aan die ellendige en die arme sy reg. Red die swakke en behoeftige...”

#### Spreuke 21:13

“Wie sy oor toestop vir die geskreeu van die arme, hy sal self ook roep en nie verhoor word nie”

#### Spreuke 14:31

“Wie die geringe verdruk, versmaad sy Maker, maar hy wat hom oor die behoeftige ontferm, eer Hom.”

### Aan die hart van die kwessie:

Kain se vraag: “Is ek my broer se oppasser?”

Lukas 10 : Die Barmhartige Samaritaan.

### Handelinge 6-model

<sup>1</sup>En in dié dae toe die dissipels vermeerder het, het daar 'n murmuring ontstaan van die Griekssprekende Jode teen die Hebreërs, omdat hulle weduwees in die daaglikse versorging oor die hoof gesien is. <sup>2</sup>En die twaalf het die menigte van die dissipels byeengeroep en gesê: Dit is nie reg dat ons die woord van God nalaat om die tafels te bedien nie. <sup>3</sup>Kyk dan uit, broeders, na sewe manne uit julle, van goeie getuienis, vol van die Heilige Gees en wysheid, wat ons oor hierdie nodige saak kan aanstel; <sup>4</sup>maar ons sal volhard in die gebed en die bediening van die woord.<sup>5</sup> En die woord het byval gevind by die hele menigte; en hulle het gekies: Stéfanus, 'n man vol van geloof en van die Heilige Gees, en Filippus en Próchorus en Nikánor en Timon en Pármenas en Nikoláüs, 'n Jodegenoot uit Antiochíë,<sup>6</sup> wat hulle voor die apostels gestel het; en hulle het gebid en hulle die hande opgelê. <sup>7</sup>En die woord van God het toegeneem, en die getal van die dissipels het in Jerusalem baie vermeerder, en 'n groot menigte van priesters het gehoorsaam geword aan die geloof.

### Waar begin ons?

In ons eie geledere:

#### Galasiërs 6:10

“Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof.”